

5. Navorsing

a. Wat is navorsing?

Navorsing is wanneer jy iets deeglik en krities moet ondersoek. Op skool verwag ons dat leerders ekstra bronne moet gebruik om inligting te bekom oor 'n spesifieke onderwerp. Dit gee hulle 'n geleentheid om meer te wete te kom oor sekere onderwerpe wat nie altyd in diepte in die klas bespreek kan word nie.

Skoolprojekte kan positief en pret wees mits dit reg aangepak word. Die eerste oogmerk is dat die opdrag/onderwerp deeglik en duidelik geformuleer moet wees. Die kriteria moet deeglik uiteengesit wees sodat ouers, leerders en onderwysers weet wat word van mekaar verwag.

b. Hoe pak ek die navorsing aan?

- i. Ontleed jou vraag / opdrag deur die sleutelwoorde te onderstreep.
- ii. Nou moet jy beplan ('n breinkaart opstel) met al die onderafdelings van die onderwerp (soos met die opsommings)
- iii. Begin altyd met naslaanbronne soos ensiklopedieë, want dit gee vir jou 'n opsomming van jou onderwerp.
- iv. Met 'n naslaanbron moet jy die indeks raadpleeg om seker te maak jy lees al die inligting oor die onderwerp.
- v. Werk ook met sinonieme (woorde wat dieselfde betekenis het) om jou onderwerp na te slaan, bv Oorlog = veldslag.
- vi. Skryf die inligting by die verskillende afdeling neer in sleutelwoorde
- vii. Indien jy nog inligting nodig het kan jy nou ander bronne raadpleeg

- viii. Jy mag nooit woord vir woord afskryf nie, **anders pleeg jy plagiaat**. Jy mag ook nie inligting op die internet bekom en net so gebruik nie. Jy moet jou eie woorde gebruik!
- ix. Wanneer jy woorde of gedagtes van 'n ander persoon gebruik, moet dit in aanhalingstekens wees en moet jy noem wie dit gesê het. Ons noem dit 'n aanhaling.
- x. Sodra jy al jou inligting bymekaar gemaak het, moet jy jou onderafdeling nommer en dan in paragraaf vorm oorskryf, soos by die opsommings.
- xi. Onthou die inleiding wat moet sê waarom jou opdrag gaan, jou inhoud wat uit jou onderafdelings bestaan en jou slot wat in kort weer alles wat jy gesê het opsom.
- xii. Heel laaste moet jy 'n bronnelys gee. Dit is 'n lys van al die bronne wat jy gebruik het om jou inligting te bekom.
- xiii. Die formaat is soos volg:
- xiv. Wehmeier, Sally, Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English. Orod: Oxford University Press, 2000.
- xv. Onthou om altyd prentjies of illustrasie te hê.